KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

MUNISIPALE NUUSBRIEF/ INLIGTINGSBRIEF
AUGUSTUS 2015

WELKOM RAADSLID KOOPMAN

Na 1 April 2015 se tussenverkiesing in Wyk 1 is Raadslid Kiewiet Koopman in die Raad verwelkom. Hy sal nou vir die res van die termyn Wyk 1 se wyksraadslid wees en na die gemeenskap se belange omsien !

PROJEKTE:2014 - 2015

Die volgende projekte is die afgelope drie jaar geimplementeer en sommiges (soos aangedui) is nog nie afgehandel nie:

FRASERBURG: VOLTOOI

- Opgradering van Straatligte (R780 572)
- Nuwe slote vir stortingsterreine(R80 000)
- Opgradering van Oksidasiedamme (R10 612 743)

WILLISTON : VOLTOOI

- Hoë Mas beligting (R1 788 729)
- Water ondersoek : Ontgunning van nuwe boorgate (reeds geboor, besig met impakstudie en projekgereedheidstudie) (R1 500 000 gebruik)
- Installeer nuwe pompe (wag vir telemetrie van 3 pompe) (R 315 000)

SUTHERLAND : VOLTOOI

- Rehabilitasie van Stortingsterrein en nuwe slote (R38 000)
- Telemetrie word tans ingesit om watervlakke te monitor by reservoirs (R245 000)

TOEKOMSTIGE PROJEKTE

- Williston Interne waternetwerk
- Fraserburg : Opgradeer van kragnetwerk (R10 miljoen)
- Williston Bulk Water Supply (R40 miljoen)
- Al drie dorpe : Uitfaseer van UDS toilette met rioollyne
- Opgradering van sportgronde (moet nog geregistreer word) (R 22 miljoen)
- Sutherland Bulk waterprojek (ontwerpstadium) (R17 787 990)
- Sutherland Interne waternetwek (ontwerpstadium) (R24 307 650)
- Al drie dorpe : Plavei van strate (Moet nog geregistreer word) (R97 miljoen)

WATERUITSLAE : MEI 2015

WILLISTON

	Uitslag	Standaard
E.coli :	<1	(0)
PH:	8.1	(5.0 - 9.7)
Chloride:	73	(0 - 300 mg/L)
Conductivity:	-	(0 - 170 mS/m)
Nitrates Plus Nitrites:	<0.2	(0 - 11 mg/L)
Turbidity :	0	(0 - 5 NTU)
Total Dissolved solids:	459	(0 - 1200 mg/L)
Sulphates:	54	(0 - 250 mg/L)
Fluoride:	0.5	(0 - 1.5 mg/L)

FRASERBURG

	Uitslag	Standaard
E.coli :	<1	(0)
PH:	7.7	(5.0 - 9.7)
Chloride:	116	(0 - 300 mg/L)
Conductivity:	-	(0 - 170 mS/m)
Nitrates Plus Nitrites:	0.20	(0 - 11 mg/L)
Turbidity :	1	(0 - 5 NTU)
Total Dissolved solids:	668	(0 - 1200 mg/L)
Sulphates:	81	(0 - 250 mg/L)
Fluoride:	0.8	(0 - 1.5 mg/L)

SUTHERLAND

	Uitslag	Standaard
E.coli :	<1	(0)
PH:	7.7	(5.0 - 9.7)
Chloride:	92	(0 - 300 mg/L)
Conductivity:	-	(0 - 170 mS/m)
Nitrates Plus Nitrites:	<0.20	(0 - 11 mg/L)
Turbidity :	0	(0 - 5 NTU)
Total Dissolved solids:	712	(0 - 1200 mg/L)
Sulphates:	59	(0 - 250 mg/L)
Fluoride:	0.6	(0 - 1.5 mg/L)

Die water van Williston, Sutherland en Fraserburg word maandeliks getoets by verskillende punte in die dorpe en word ook deurlopend gemonitor. Die bogenoemde uitslae dui daarop dat water geskik is vir gebruik.

NOODNOMMER: 10177

KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

MUNISIPALE NUUSBRIEF/ INLIGTINGSBRIEF
AUGUSTUS 2015

OPTOGTE

Alvorens enige optogte gehou mag word, moet u die nodige aansoek vorms aanvra en voltooi en 10 dae voor die optog indien by die Munisipale Bestuurder vir goedkeuring en konsultasie met die plaaslike SAPD.

BELANGRIKE KENNISGEWING RAKENDE TJEKBETALINGS

Daar is nou kredietkaartfasiliteite beskikbaar by die munisipale kantore. Daar sal geen tjeks meer aanvaar word nie. Hierdie metode is maklik vir alle kliënte.

Geen tjeks vir vooruitbetaalde krag word meer aanvaar nie. Die eksterne ouditeure het uitgewys dat tjekbetalings te groot risiko is vir munisipaliteite en word u versoek om u reëlings aan te pas.

ELEKTRISITEIT : WILLISTON

Na gelang van die elektrisiteitsprobleme is die lyne ondersoek en in 'n werkende toestand gevind. 'n Elektrotegniese Ingenieur het ook die netwerk in Williston ondersoek, 'n foutiewe transformator is uitgewys en ontkoppel. Enige verdere foute wat deur hom uitgewys sal word, sal herstel word. Dit blyk dat ESKOM 'n reclosure vir Williston Dorp alleen gaan oprig. Na gelang van die verslag van die Elektrotegniese Ingenieur sal bepaal word of die munisipaliteit ook hul eie reclosure sal oprig. Indien dit gedoen sal word sal die prosedures later aan die publiek verduidelik word.

FRASERBURG : STRAATNAME

Die ASLA huise woongebied se straatname is gefinaliseer en daar sal eersdaags borde opgerig word met die straatname.

WERKSLOOSHEIDSDATABASIS

U word versoek om deurlopend u besonderhede op te gee by die munisipale amptenare sodat u op die werksloosheidsdatabasis kan kom en u in ag geneem kan word wanneer daar projekte in die munisipale area geloods word. U word ook versoek om enige onreëlmatighede in hierdie verband te rapporteer by die Munisipale Bestuurder.

VERSKAFFERSDATABASIS : PLAASLIK

Hiermee word 'n dringende beroep op alle plaaslike besighede, dienste verskaffers en gastehuise gedoen om so spoedig moontlik aansoek te doen om te registreer op die munisipaliteit se databasis. Die Munisipaliteit wil u ondersteun, maar kan dit slegs doen as u geregistreer is op die databasis. Gaan registreer vandag nog!

VANDALISME

Vandalisering van eiendomme van die Raad en van ESKOM is onwettig en benadeel die gemeenskap. Daar word 'n beroep op u gedoen om oortreders aan te gee.

GEMEENSKAPSVERGADERINGS

U insette tydens gemeenskapsvergadering word versoek sodat dienslewering kan verbeter.

BYSTANDNOMMERS

SUTHERLAND
078 738 2469
WILLISTON
076 927 4738
FRASERBURG
072 103 8014

Frannie Lötter :
083 655 1438

BETAAL VAN REKENINGE

Rekeninge moet betaal word voor of op die datum soos wat dit aangedui word op u diensterekening elke maand.

U moet asseblief u rekening saambring wanneer u dit betaal vir spoedige diens en verwysings.

VERSOEKE AAN DIE GEMEENSKAP

RONDLOPERHONDE/BEHEER OOR DIE AANHOU VAN HONDE

Rondloperhonde bly ‘n deurlopende probleem. Die huidige honde probleem is reeds talle kere by die DBV aangemeld.

Die munisipaliteit het reeds adverteer vir die afgekondiging van regulasies vir die beheer van honde. Insette is ontvang van die publiek en word tans in ag geneem alvorens die finale verordeninge afgekondig sal word.

Opnames van probleemdiere is gemaak en die Staatsveearts het reeds die dorpe besoek. ‘n opvolg besoek in die verband sal binnekort volg.

GESONDHEIDSRISIKO

Enige rondloperhonde, bokke, varke en ander rondloper diere wat in die woongebiede of in die dorp los aangehou word, hou ‘n gesondheidsrisiko in vir die inwoners. Dus sal die munisipaliteit drasties teen u optree indien u sou skuldig wees hieraan.

DREINE

Dit bly die verantwoordelikheid van die kliënt om u drein betyds op te gee sodat riool verwyder kan word en moet elke dag voor 11:00 voormiddag aangemeld word om onnodige oortydure te voorkom.

VELDBRANDE & NATUURRAMPE

Bogenoemde moet asseblief aangemeld word sodat die munisipaliteit kan optree en die nodige prosesse aan die gang gesit kan word ter beskerming van die gemeenskap.

KANTOOR URE :PUBLIEK

Dit blyk dat daar steeds inwoners is wat nie kennis dra van die munisipaliteit se kantoor-ure soos in die Noordwester adverteer en per kennisgewing aan inwoners uitgegee nie. Hiermee die aangepaste kontantsaal-ure:

MAANDAE—DONDERDAE:

08:00 - 13:00 & 13:45 - 16:15

VRYDAE:

08:00 - 13:00 & 13:45 - 14: 45

Alle voertuiglisensies en verwante voertuigtransaksies moet daagliks voor 15:00 afgehandel word.

ALGEMENE BROKKIES

VOLGENDE ALGEMENE RAADSVERGADERING

27 Augustus 2015, 09:00, Williston

- Alle klagtes wat verband hou met foutiewe meters, pype wat bars, slaggate in paaie, spoedslote, straatligte, vullis, parke en honde moet by die plaaslike munisipale kantoor aangemeld word of telefonies by 023 57 11 020 of by 023 74 11 012 of by 053 3913 003 gerapporteer word.
- **Skriftelike klagtes moet direk aan die Munisipale Bestuurder gerig word.**
- Stuur asseblief enige klagtes of versoeke na **karooadmin@telkomsa.net**

BELANGRIKE BROKKIES AAN DIE GEMEENSKAP

KANTOORNOMMERS

SUTHERLAND
023 57 11 020

WILLISTON
053 3913 003

FRASERBURG
023 74 11 012

KAART EN TRANSPORT

Persone wie se name op die goedgekeurde lys van name verskyn sal kaart en transport ontvang. Die proses sal begin vanaf Julie 2015.

Die beplanningsfase van 150 erwe op Williston sal ook ook vanaf September 2015 geskied.

VULLIS STORTINGSTERREINE

Dit word ondervind dat die publiek dooie diere gaan stort op die vullishope. Dit is 'n groot probleem vanwee die onhigieniese aard daarvan. Die munisipaliteit word beskuldig dat hul nie regulasies nakom nie. Daar sal binnekort maatreëls in plek gestel word om dit aan te spreek.

AANSOEK VIR SUBSIDIES

U word herinner om te registreer om moontlik subsidies te kan ontvang. Kontak u wyksraadslid vir meer inligting.

WERKSKEPPING: SUTHERLAND

Die afgelope jaar is 25 werksgeleentehde in Sutherland geskep deur die EPWP- en kapitaal projekte.

PLAVEI VAN ENT, LELIE EN RAND STRAAT : FRASERBURG

Die genoemde strate gaan binnekort plavei word. Werkers sal benodig word en u word versoek te registreer op die munisipaliteit se werkloosheidsdatabasis.

MUNISIPALE WEBBLAD

Die nuwe webblad van die munisipaliteit is : **www.karoohoogland.gov.za**
Die munisipaliteit onderhou nou self hul webblad en sal veranderings vinniger kan geskied. Stuur graag u Gastehuis se besonderhede aan ons om gelys te word.

ESKOM REKENING

Karoo Hoogland Munisipaliteit is een van min munisipaliteite wat nie 'n agterstallige rekening by ESKOM het nie.

7DE IN NOORD KAAP

Karoo Hoogland Munisipaliteit het erkenning ontvang as die 7de Munisipaliteit in die Noord Kaap wie se begroting korrek en betyds ingedien is. Hiermee word die finansies personeel bedank vir hul hulp en toewyding en goeie werk verrig.

BEFONDSING VIR WATER VOORSIENING EN OPGRADERING VAN BOORGATE TE WILLISTON

Die totale projek se kostes beloop R40 miljoen. R2 miljoen is vir die 2015/2016 boekjaar goedgekeur aan die munisipaliteit en die projek sal binnekort begin met die impakstudies en projekgereedheidstudie wat eerste sal geskied.

E-NATIS : VOERTUIGLISENSIES

Enige persone/organisasies wie se adres besonderhede nie geverifieer is teen 31 Oktober 2015 nie, sal nie weer lisensieskywe ontvang nie.

Regulasie 25 en Regulasie 32A versoek dat bewys van woon- en posadres by die E-Natis kantore ingehandig moet word voor 31 Oktober 2015.